7 CONSECUTIVE CLEAN AUDITS

SWARTLAND
Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!*
*We shape a beter future!*
*Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/
File ref: 15/3/10-8/Erf_1046

Navrae/Enquiries:
Mnr HL Olivier

12 April 2021

Johanna Corneila van Vuuren
Besige Bytjies Speelskool
Sarel Cillierstraat 26
MALMESBURY
7300

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/ Dame

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK & AFWYKING OP ERF 1046, MALMESBURY**

U aansoek gedateer 30 Oktober 2020 rakende die onderwerp het betrekking.

**A.** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om vergunningsgebruik op Erf 1046, Malmesbury ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. STADSBEPLANNING/BOUBEHEER**

(a) Die vergunningsgebruik magtig 'n plek van onderrig beperk tot 4 klaskamers soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) Die plek van onderrig slegs bedryf word binne die ure 06h00 tot 18h00;
(c) 'n Speelarea vir speel, eet en slaap moet verskaf word;
(d) Vir elke kind moet 'n binnenshuise speelarea met 'n minimum van 1,5m$^2$ vrye onbelemmerde vloerruimte beskikbaar wees;
(e) Die speelarea mag nie 'n gesondheidsoorlas veroorsaak nie.
(f) 'n Buite speelarea van ten minste 2m$^2$ moet vir elke kind voorsien word;
(g) Afsonderlike buite speelareas moet vir verskillende ouderdomsgroepe voorsien word.
(h) Die toepaslike bouplanne vir die verandering in gebruike van die geboue aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
(i) Die plek van onderrig aan die vereistes van Departement van Maatskaplike Dienste sal voldoen en by die departement registreer word;
(j) Die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
(k) Daar aansoek vir 'n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distriksmunisipaliteit gedoen word vir die bedryf van 'n kinderversorgingsfasiliteit;
(l) Addisioneel tot die bogenoemde daar vir 'n geskiktheidsertifikaat aansoek gedoen word wat aandui dat die kombuis voldoen aan Regulasie 962 van die Wet op Gesondheid (Wet 61 van 2003) indien voedsel voorberei word;

**2. WATER**

(a) Die bestaande wateraansluiting gebruik word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

**3. RIOOL**

(a) Die bestaande rioolaansluiting gebruik word en dat geen addisionele rioolaansluitings voorsien sal word nie;

**B.** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om afwyking op Erf 1046, Malmesbury ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. STADSBEPLANNING**

(a) Die afwyking beperk word tot waar die bestaande geboue op die perseel, wat gebruik word vir die plek van onderrig, die 10m boulyn beperking soos bepaal in parragraaf 1.1.8 van die ontwikkelingsbestuurskema, oorskry;

**C. ALGEMEEN**

(a) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Gegewe die fasiliteit reeds in bedryf is, daar aan alle voorwaardes van die goedkeuring voldoen word voor 14 Junie 2021. Die nie-voldoening aan hierdie versoek mag daartoe lei dat die goedkeuring verval / onttrek sal word;

(b) Die goedkeuring spreek nie die eienaar/ontwikkelaar vry aan die verkryging van enige nodige goedkeurings van ander statutêre owerhede nie;

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

*Afskrif :*

*Direkteur : Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur : Elektiese Ingenieursdientes*
*Direkteur : Finansiële Dienste*
*Hoof : Boubeheerbeampte*